# HOOFSTUK V

## DIE STELSEL EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DUITSLAND, V.S.A. EN ENGELAND

## A. DIE STELSEL EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DUITSLAND

### Inleiding

Duitsland het teen die einde van die negentiende eeu uit 26 verskillende state bestaan wat die onderwys en die land beheer het. Geldelike hulp vir beroepsonderwys het in Pruise toegeneem van 'n half miljoen mark in 1885 tot driemiljoen in 1908, terwyl dit in 1911 tot bykans sewemiljoen vir die hele Duitsland bedra het. In 1916, d.w.s. ongeveer veertig jaar nadat die Duitsers hulle op tegniese en beroepsonderwys begin toelê het, het die resultate van 'n deeglik sistematies georganiseerde stelsel die wêreld met verbasing vervul.[1)]

Die uitgangspunt was natuurlik dat die beroepskole nie onder die Minister van Openbare Opleiding geval het nie, maar wel onder die Minister van Handel en Openbare Dienste. Die beroepskole het dus nie 'n organiese deel van die gewone onderwys uitgemaak nie veral nie sover dit onder staatsbeheer gestaan het nie. Toelating tot die skole het eers na die veertiende jaar plaasgevind en elke omgewing het na die behoefte van die nywerhede beroepskole in die lewe geroep en dan om staatshulp gevra wat selde geweier is as dit geblyk het 'n ware behoefte van die gemeenskap te wees. Die regulasies van die skole was selde uniform, maar die skole moes deurgaans bedags en saans opleiding voorsien aan die gemeenskap wat min of meer 'n sentrum van nywerhede was.[2)]

### 1. DIE STELSEL VAN BEROEPSKOLE

#### (a) Tegniese Onderwys

Die beroepskole in Duitsland het bykans die hele skoollewe van die leerlinge gedek, want dit is geklassifiseer as hoër, middelbaar en laer. In die hoër afdeling het die universiteite met hul professionele afdelings, die tegniese hoërskole en die handelshoërskole geval.

---

1. Cooley: Vocational Education in Europe, 242.

2. Taylor: A Handbook of Vocational Education, 34 - 35.

In die middel afdeling was daar 'n groot verskeidenheid van middelbare tegniese skole wat die volgende beroepe gedek het: Landbou, Kunsnywerhede, Bou- en Werktuigkundige Ambagte, Handel, Bosbou, Metaalnywerhede, Myn- en Metaal, Skeepsbou en Werktuigkunde, Navigasie, Skeepsingenieurs, Tekstielnywerhede en Houtbewerking.[1] Al die skole het as oogmerk om deskundiges, voormanne, opsigters, eienare, bestuurders, verkoopsmanne, ensomeer vir die lewensberoep toe te rus. Die laer afdeling het die vakleerlinge, die vakmanne, operateurs en die werkers vir hul dagtaak beter probeer toerus. Origens het daar deur die hele land "Fortbildungs-schule" bestaan wat wel die beroepsvakke aan werkendes moes bybring.[2] Waar voortsettingsonderwys soms in ons land beskou word as onderwys in die gewone skoolvakke vir die een of ander sertifikaat, het daardie soort onderrig in Duitsland net vir die tegniese en beroepsvakke bestaan.

Daar het drie soorte Voortsettingskole bestaan, t.w. die Industriële, die Handel- en Kommersiële en die algemene skool. Die Industriële skool is bygewoon deur masjiniste, houtwerkers, drukkers, slagters, haarkappers en andere. Die Kommersiële en Handelskool is so georganiseer dat elke groep besighede spesiaal gedien kan word, t.w. voedsel en kruideniersware; materiaal- en tekstielware; bank, assuransie en boekverkope; breekware, eetgereedskap en harde ware. Die algemene skool het hom ten doel gestel om leerlinge vir goeie burgerskap onder invloed van Kerschensteiner voor te berei. Die kursusse het die volgende gedek: Beroepshigiëne, Ekonomie, Industriële geskiedenis en Burgerkunde.[3]

> "In addition to the regular continuation schools, Germany, of course, had most of the special schools found in other nations."[4]

---

1. Taylor: A Handbook of Vocational Education, 31.
2. Ibid., 32.
3. Kuhne: Handbuch für das Berufs-und Fachschulwesen, 170 - 172.
4. Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 241 - 242.

(b) Landbou-opleiding

Die Landbouskole is vanuit Switserland geïnspireer waar Pestalozzi en Wehrli 'n opvoedkundige inrigting vir weeskinders georganiseer het met landbou-opleiding tussen die skoolperiodes in.

Oor die algemeen geneem, het die landbouskole uit drie klasse bestaan wat ooreengeslaan het met die boonste klasse van die Realschule. Bosbouskole het aanverwant aan landbou-opleiding ontwikkel en was verpligtend vir alle vakleerlinge van die Staatsbosbou-afdeling.

Gelyktydig met die soort landbouskole het daar ook nog die Vakansie- of Winterlandbouskole bestaan. Hierin is seuns van boere opgeneem vir teoretiese opleiding. Gedurende die somermaande is die kennis dan prakties op die plaas toegepas. In 1908 het daar al 201 sulke Winterskole bestaan. Ook het die soort skole aan leerkragte, boere en grondbesitters spesiale kursusse in die landbouwetenskappe voorsien. Twee definitiewe kursusse is vir seuns aangebied wat bestaan het uit:

(i) Eerste Kursus

| | |
|---|---|
| Staatsleer | 4 uur |
| Rekenkunde en metings | 4 uur |
| Landmeetkunde | 2 uur |
| Skeikunde van plante | 6 uur |
| Wetenskap van Landbou | 6 uur |
| Blom- en Vrugtekwekery | 4 uur |
| Versorging van diere | 4 uur |

(ii) Gevorderde Kursus

| | |
|---|---|
| Wet | 4 uur |
| Skeikunde soos by dierkosse | 4 uur |
| Veldbewerking en -bewaring | 2 uur |
| Versorging van diere | 10 uur |
| Besigheidsbeheer en Boekhou | 2 uur |

Origens het daar akademies in Bosbou in verskillende stede bestaan en is die bosbouwetenskappe ook deur sekere universiteite gedoseer. Geldelike bydraes vir landbou-opleiding is feitlik gelykop gedra deur die provinsiale distrikte, stadsowerhede, bemakings en verenigings aan die een kant en die staat aan die ander kant.

> "The Agricultural Schools in the other German states are similarly organized."[1]

(c) Handelsopleiding

Hierdie soort skole is gewoonlik deur stadsbesture in samewerking met Handelskamers opgerig. Slegs in enkele gevalle het die Staat dit op hom geneem om kommersiële onderwysinrigtings vir sy rekening te neem.

> "It is especially worthy of notice that the continuation school idea has been taken up by the Organization (Chamber of Commerce) privately of commercial continuation schools."[2]

Daar is as gevolg van die heterogene beheerinstansies nie 'n vaste stelsel van handelsonderrig in Duitsland nie.

> "There is in Germany at present,[3] no real system of commercial schools maintained under an organized plan of the State authorities and of corporations of merchants and covering the land with a network of general educational institutions. A uniform scheme of commercial education is lacking in most of the individual States of the German Empire."[4]

Die soorte handelskole wat wel bestaan het, kan onder die volgende soorte ingeskakel word:

(I) Handelshochschule

Hierdie soort skole het kandidate tegnies toegerus om as bestuurders van besighede op te tree. Amptenare van die staat en veral in die Kamers van Koophandel is ook in hierdie soort skole voorberei. Verder is ook opleiding voorsien aan leerkragte wat in die laer handelskole onderwys gegee het. As studente aan die toelatingsvereistes voldoen het, moes hulle die volgende vakke volg: Inleiding van nasionale ekonomie; Elemente van handelswette; Vreemde tale en as byvakke het gegeld Aardrykskunde, Kennis van Koopware, Beginsels van Handelstegnieke soos Besigheidskennis, Boekhou, Rekene en Briefwisseling. Hierdie kursus het oor drie jaar gestrek.

---

1. Cooley: Vocational Education in Europe, 273.
2. Ibid.
3. Dit was in 1912.
4. Cooley: Vocational Education in Europe, Vol 1, 52

(II) Middelbare Kommersiële Tegniese Hoër Skole

Waar die soort nie aan die gewone Realschule verbonde was nie, het hulle as onafhanklike tegniese kommersiële skole bestaan. Studente is dan vir die volle handelslewe voorberei met 'n kursus wat gedeeltelik die vakleerlingskap vervang het. Die kursus wat die soort skole aangebied het, het sowel die handelstegnieke as die beginsels van nasionale ekonomie en handelswette gedek. Verder het Aardrykskunde en die wese van verskillende soorte handelsartikels 'n belangrike plek ingeneem. Die skole wat aan die gewone skole verbonde was, was baie beperk in hul studie -omvang en het slegs 'n algemene opleiding van handelaars in die oog gehad.

(III) Die Laer Kommersiële Tegniese Skole

Hierdie soort skole is dikwels met die naam "Akademie" onderskei en was in der waarheid niks anders as handelskole soos ons dit hier ook geken het nie. Tog het daar 'n wesenlike verskil bestaan. Daar was drie groepe van die skole waarvan die toelatingsvereistes redelik laag was. Wat die vorm en wese van die kursusse betref, was daar 'n grondige verskil. Die een het los van die gewone skole gefunksioneer en het aan leerlinge wat die laerskool deurloop het, tegniese opleiding verskaf in 'n tweejarige kursus om die vakleerlingskap te vergemaklik. Selfs persone wat hulle vakleerlingskap voltooi het, het die klasse in Aardrykskunde, Tale en Handelstegnieke bygewoon, plus 'n spesiale kursus in Algemene Handelsbeginsels, Handelswette en "Warenkunde".

Die ander twee groepe was aan gewone skole verbonde. Die een het sowel handelsopleiding as vraagstukke i.v.m. vakleerlingskap gedek. Die ander een soort skool het egter net met vakleerlinge en hul vraagstukke te doen gehad.

(IV) Voortsettingshandelskole

Aangesien handelsonderwys in Duitsland ook aanvanklik baie verwaarloos is, het baie winkeliers geen handelsopleiding geniet nie en moes van voortsettingsonderwys gebruik maak om aan die eise van die vakleerlingskap te voldoen. Al na gelang die inhoud en duur van die kursus het die soort skole van mekaar verskil. Party klasse het oor groothandels- of kleinhandelswerk gegaan en ander weer oor binnelandse

of buitelandse handel of selfs hantering van goedere of bank- en geldwerk. Skole het ook verskil omdat dit in die aande klasse aangebied het of selfs in die stilure van die dag.

Op die platteland het voortsettingsonderwys tegniese onderrig aan handelaars in beginsels van boekhou en handelsrekene voorsien vir privaat gewin en dan was die winsmotief die oorsaak van swak opleiding. In die groter stede was die klasse op 'n deeglike grondslag en is kursusse in handelstegnieke soos Handelswet, Aardrykskunde en Tale in opeenvolgende grade aangebied.

2. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSKOLE

Die Rykswette het nie veel invloed op die onderwys in Duitsland gehad nie behalwe in soverre artikel 4 van die Rykskonstitusie bepaal het dat alle nywerheidsregulasies binne die jurisdiksie van die Duitse Ryksowerheid val. Die regulasies het dan invloed op die tegniese en beroepsonderwys uitgeoefen in soverre (1) die kwalifikasies van nyweraars, (2) die magte en pligte van gildes en (3) voortsettingsonderwys vir die jeugdige werkers bepaal is.

Hoewel die beginsel van staatseggenskap in die beheer van tegniese en beroepskole bestaan het,[1] is daar skole opgerig vir persoonlike winste en as privaat besigheid. Opsommend kan die stelsel van beheer as volg aangegee word.

(1) Inrigtings geheel in die hande van die staat.

(2) Inrigtings in die hande van gildes en ondersteun deur die staat sowel as groot vakunies en nywerheidsinstellings.

(3) Inrigtings in die hande van privaat groepe persone wat die inrigtings vir eie gewin beheer, en tog deur besighede in die stede ondersteun word.[2]

"The development of private institutions is greatest in the field of the building-trades' and machine-trades' schools".[3]

---

1. Cooley: Vocational Education in Europe, 31.

2. Ibid., 32 - 33.

3. Ibid., 33.

Teenoor die 78 openbare inrigtings van hierdie soort met 13,000 leerlinge was daar in 1904 25 privaat inrigtings ("Technika") waarvan die grootste 12 alleen 7,000 leerlinge besit het. Slegs die staatsondersteunde of die staatsbeheerde skole kon die duur uitrustings vir die opleiding bybring en daarom het die privaatskole geleidelik verminder namate die staatskole geleidelik toegeneem het.

(a) <u>Wetgewing i.v.m. Tegniese en Beroepskole</u>

Die wetgewing in verband met die nywerheidskoolstelsels in Duitsland was nie 'n prerogatief van die Ryksowerheid nie, maar was in die hande van die induviduele state. Die Rykswetgewing kon die industriële onderwys slegs indirek beïnvloed, want om 'n beroep te beoefen, moes 'n persoon 'n Rykslisensie besit wat alleenlik toegeken is aan persone wat sekere eksamens afgelê het aan 'n tegniese skool wat weer onder toesig van 'n staat gestaan het. So kon gildes en organisasies saamspan om skole vir die gilde op te rig en in stand te hou deur vakmanskap te be-oefen en regulasies van bywoning van klasse vir die vakleerlinge op te stel. Vakleerlinge kon nie tot bywoning gedwing word nie, maar die werkgewers of "Meister" kan gedwing word om die leerlinge skool toe te stuur.[1] Daar het wel algemeen geldende wette bestaan waardeur gemeenskappe kon toesien dat seuns en dogters nie in fabrieke of werkwinkels opgeneem word voor hul sewentiende jaar nie, behalwe as hulle voortsettingsonderwys in die een of ander skool geniet. Verpligte skoolbywoning was wel nie in die hande van die Ryksowerheid nie, maar deur plaaslike statute is werknemers verplig om aan die vakleerlinge geleenthede te bied vir die bywoning van klasse in hul werkure.[2]

(b) <u>Inspeksie van Beroepskole</u>

Aangesien die Rykswette die soort onderwys nie direk bepaal het nie, het die inspeksie ook buite die jurisdiksie van die Ryksowerheid geval. Binne die individuele state het plaaslike beheerliggame veral

---

1. Taylor: A Handbook of vocational Education, 32.
2. Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 240 - 241.

by die laer afdelings wye magte gehad, selfs by die wat buite die staat om bestaan het. Toesig was egter 'n direkte staatstaak en

> "the State officials are everywhere in a position to exercise great influence upon the general industrial school system, even in the case of institutions not directly controlled by the State."1)

Waar baie skole buite die beheer van die State om in belang van se.ere nywerhede in verspreidliggende gemeenskappe bestaan het, daar was dit noodsaaklik om toe te dien dat die kursus en standaard nie 'n vermorsing en 'n verspilling van energie was nie. Daarom was die vraagstuk van beheer en inspeksie bykans vir 'n volle halfeeu die onderwerp van agitasie en verandering.

> "At one time or other the Minister of Education had had charge of them in every State in Germany. At the present time the customary way of managing this matter seems to be to put them in charge of the Ministry of Commerce and Industry."2)

Die vernaamste beweegredes vir so 'n stap kan gesien word in die feit dat die Tegniese onderwys en veral die Voortsettingsonderwys so nou saamval met die nywerhede en nywerheidsontwikkeling van die land.

Gewoonlik het hierdie staatsdepartement 'n permanente Raad benoem, bestaande uit praktiese opvoedkundiges en tegnici om 'n ogie oor die beroepsonderwys te hou. Verder het hierdie Rade in adviserende hoedanigheid opgetree en saam met die staat het werkgewer en opvoeders 'n aandeel in die beheer van die industriële skole gehad. Die standpunt word nog verder versterk as in ag geneem word dat die Landbouskole direk onder die Landboudepartement gestaan het, wat die skole deur verskillende komitees beheer het. Deurdat werkgewer, werknemer en opvoeder in die beheerrade dien, is die belangstelling van ouer en kind in 'n magsgroep waarvan die uitwerking net heilsame vrugte kon afwerp.

> "Councils of this nature exist now (1912) under different names in Prussia, Wurtemburg, Baden and Hesse.."3)

---

1. Cooley: Vocational Education in Europe, 47.
2. Ibid., 47-48.
3. Cooley: a.w., prt. 1, 49.

## 3. ALGEMENE OMWENTELING NA 1918

### Inleiding

Pas na afloop van die Eerste Wêreldoorlog het Duitsland 'n groot behoefte aan 'n groter eenheid gevoel. Hierdie eenheidstrewe is dan bewerkstellig deur die Federale Parlement wat d.m.v. die onderwysstelsel die volkslae ewe groot geleenthede gebied het. Die beginsel wat neergelê is, is "geleenthede vir almal wat daartoe in staat is." Die ou onderwysstelsel het in duie gestort en is in die Grondwet van die Federale Parlement ook aandag aan die onderwysstelsel gegee.

### (I) Die nuwe Onderwysstelsel

Die laagste klasse is in die "Grundschule" geherberg. Hierin is die eerste vier jaar opleiding van primêre onderwys aan alle leerlinge verskaf. Hoewel die primêre onderrig eintlik agt jaar geduur het, moet ouers en leerkragte reeds na die eerste vier jaar besluit watter rigting die leerlinge moet inslaan. Skoolgelde is slegs in die intermediêre "Volkschule" betaal, d.w.s. skole wat die volgende vier jaar van primêre onderwys waaronder karton- en metaalwerk vir seuns en naaldwerk vir dogters verskaf is, nie betaal nie. In enkele gevalle het daar aan die "Grundschule" ook nog twee jaar gewone onderrig met 'n ietwat gewysigde leerplan gevolg wat as "Oberbau" bekend gestaan het. Leerlinge wat nie middelbare skole na die "Volkschule" wou bywoon nie, was verplig om tegniese of beroepskole by te woon. Waar skoolgelde wat van R2.00 tot R20.00 per jaar gewissel het vir die middelbare en die sekondêre skole nie betaal kon word nie, is ruimskoots deur beursstelsels voorsiening gemaak. Leerlinge moes egter voor toelating eers 'n eksamen aflê wat hul aanleg en bekwaamheid in die nuwe rigting bewys. Die intermediêre skole het leerlinge van tien tot sestien jaar gehuisves en dan kon hulle na die sekondêre skole oorgaan. Ook kon leerlinge wat die Aufbau-skole bygewoon het, oorgaan na sekondêre skole, hoewel hier maar ses jaar primêre onderrig gegee is. Sulke leerlinge moes dan die toelatingseksamen kon aflê en dus redelik begaaf wees. In die sekondêre afdeling het daar drie soorte skole be-

staan[1] naamlik die "Deutsche Oberschule"[2], die Aufbau-schule,[3] wat verskeie kursusse aangebied het vir seuns en dogters en die "Frauenschule",[4] wat aan dogterbelange gewy word. Voortsettingsklasse met beroepskursusse het die beroepsonderwys gedek. Alle leerkragte is deur die universiteite voorberei, hoewel

> "the state universities and technical institutes of university standard have changed little since the war."[5]

Vir volwassenes is ruimskoots voorsien en veral jeugdiges tussen die ouderdomsjare van 18 tot 25 het sedert 1918 kon kies uit ᵑ groot verskeidenheid onderwyskursusse wat so te sê gratis verskaf is.

(II) Die nuwe Beheerstelsel

In die Federale Konstitusie wat in Weimar in 1919 aangeneem is, is die nuwe beheerstelsel vir die hele Duitsland vasgelê. Hierin het dit duidelik geblyk dat die onderwys in ᵑ demokratiese land nie van bo deur owerhede alleen vasgelê kan word nie, maar dat die verligte idees van die volk ook daarin weerspieël moet word. Kragtens artikel 10 van die Federale Konstitusie moet die drie afdelings van regering, t.w. federaal, state en plaaslike beheerkomitees, gesamentlik verantwoordelik wees vir die onderwys van die volk. Dit het duidelik die taak van elke afdeling bepaal en kenmerkend daarvan is die liberale neiging wat dit inslaan. Die Federale owerhede het die beginsels neergelê, maar die verskillende state met plaaslike beheerorganisasies kon die besonderhede van organisasies en skoolprosedure op eie houtjie uitwerk.

---

1. "The opportunities for transfer from one type to another were not readily available". (Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 249).
2. ᵑ Negejarige sekondêre skool na vierjarige primêre skool.
3. ᵑ Sesjarige sekondêre skool na sewejarige primêre skool.
4. ᵑ Negejarige skool vir dames wat universiteite wil bywoon. Sien Meyer: a.w., 248.
5. Alexander en Parker: The New Education in the German Republic, bls. xxiv.

In stede van diktaroriale bepalings van die owerheid is skool-outoriteite toegelaat om deur middel van kalenders in die vorm van suggesties die skoolinstellings te beheer.

> "Stipulations with the force of official commands have given way to permissive decrees or recommendations...."[1]

Onderwysers kon dan op, hul eie initiatief die besondere omstandighede van die leerlinge by die bepalings van kursusinhoud en onderrigmetodes oorweeg.

Van die vernaamste bepalings in die Federale konstitusie is dat openbare inrigtings onderwys aan die jeug moet voorsien en dat onderwys vir almal tussen die ouderdom van ses en agtien jaar in openbare skole verpligtend is. Kragtens artikel 146 van die Federale konstitusie moet die middelbare en voortsettingsonderwys op die basis van die "Grundschule" ontwikkel word en die vereistes van die verskillende beroepe sal die ontwikkeling bepaal.[2] Studente kan na voltooiing van die voortsettingsklasse in 'n beroepsrigting selfs ook by universiteite vir die een of ander graad of sertifikaat inskryf.

Behalwe dat die Federale konstitusie voorsiening maak dat die

> "opleiding van onderwysers eenvormiglik bepaal sal word binne die Republiek, ooreenkomstig beginsels wat oor die algemeen van toepassing is op hoër onderwys",

word ook voorsiening gemaak dat die inspeksie en supervisie

> "uitgevoer sal word deur tegnies opgeleide amptenare."[3]

---

1. Alexander en Parker: The New Education in the German Republic, 244.
2. Ibid., 246.
3. Federale Konstitusie, art. 147.

## B. DIE STELSEL EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE V.S.A.

### Inleiding

Aan die begin van die twintigste eeu is daar deur middel van geskrifte, konferensies en parlementêre debatte soveel van Duitsland se vooruitstrewendheid aan die Amerikaanse volk opgedis dat menigeen geglo het dat nuwe skoolrigtings soos handwerkkursusse, handel, tegniek, vakmanskap, vakleerlingskap, landbou en aand- of voortsettingsklasse sonder verwyl voorsien moet word om voldoende beroepsvoorsiening vir die opkomende geslag te maak. In bykans elke tydskrif was daar artikels wat die owerhede en volk op die belangrikheid van die soort onderrig gewys het.[1]

Uit die nywerheidsgeskiedenis van Amerika blyk dit duidelik dat die groot vooruitgang sedert 1904 in die praktiese rigting ontwikkel het.

> "In 1850 the value of manufactures was over one billion dollars: in 1909, over twenty billion and over twenty-four billion in 1914."[2]

Vervaardigde goedere het in die jaar 1900 Amerika as belangrikste uitvoerland laat triomfeer. Die totale waarde van die uitvoergoedere vir 1860 was 333 miljoen dollar; in 1910 was dit 1,745 miljoen en in 1920 8,228 miljoen. Net so merkwaardig was die groei in die produksie van landbouprodukte, want in 1900 was die totale waarde net minder as vyfbiljoen dollar; in 1910 was dit bykans agt en 'n half biljoen en in 1919 twaalf en 'n half biljoen dollar. Die groot toename moet aan die doeltreffendheid van die vervaardigde landbougereedskap toegeskryf word.[3]

### 1. DIE STELSEL VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS

#### (a) Industriële Onderwys

Uit die gildestelsel, waar die meester die vakleerling in sy beroep vir die vakmanskap skool, het gedurende die agtiende eeu die handwerkvakke in die gewone skole ontstaan.

---

1. Kandel: Twenty-five Years of American Education, 273 - 274.
2. Ibid., 275.
3. Ibid.

"In 1888 after a few years of private experimentation, manual training became part of the course in the elementary schools of Boston and New York."[1]

In New Jersey is staatsubsidies gewettig om dorpe en stede aan te moedig om handwerkvakke in die skoolkurrikulum in te werk. Die "Young Men's Christian Association of America" het gedurende 1905 en 1906 in New York alleen 63 kursusse ingestel en daarvan het die meeste studente vir industriële en kommersiële vakke ingeskryf. In 1901 het die Onderwysraad van Chicago voorsiening vir die opleiding van vakleerlinge in Messelwerk gemaak deur te begin met 'n kursus in Rekene, Engels, Tekene, Argitektuur en Timmerwerk. Weldra het die ander gefedereerde State soortgelyke wette gemaak en is dit aan die fabrieksowerhede oorgelaat om die vakleerlinge in skoolstelsels vir hul beroepe voor te berei.[2]

Soos die opleiding van 'n goeie geneesheer ook in belang van die gemeenskap is, so is die opleiding van werkers direk of indirek in belang van die volk en behoort deur die staat ondersteun te word.[3] In 1916 rapporteer die "United States Commissioner of Education" dat 69 hoër tegniese inrigtings onder die "Land Grant" en ander staatswette in die lewe geroep is met 'n totaal van 15,710 ingenieurskursusse en 23,408 kursusse van 'n tegniese aard. Verder het die Universiteit van Cincinnati se ingenieursafdeling 'n saamvattende plan begin, waarvoor 35 verskillende fabriserende maatskappye hul vakleerlinge beskikbaar gestel het vir die sesjaarkursus. Hierdie kandidate moes egter reeds aan 'n hoërskool gestudeer het en moes om die beurt in die fabriek en dan weer in die skool deurbring. Die volgende getalle toon aan hoe die ingenieurs-

1. Kandel: Twenty-five Years of American Education, 277.
2. Die National Cash Register Comp., General Electic Comp. of Lynn, Massachusetts, John Wanamaker, Sears Roebuck & Co., en baie ander fabrieke het spesiale klasse gestig om hul werkers op te lei. So het die tekstiel, masjien-, ammunisie-, juweel-, skoen-, en knoopfabrieke gehelp.
3. Dit was die mening van die U.S. Commission of Education.

kursusse tot 1916 toegeneem het: 6,166 in algemene ingenieurswerk, 2,383 in chemiese ingenieurswese, 7,182 in siviele ingenieurswese, 6,637 in elektriese ingenieurswese, 7,751 meganiese ingenieurswese en 1,922 in myningenieurswese. Waar daar in 1911 bykans twee keer soveel studente in die werktuigkundige kursusse was as in landbou, was daar in 1915, 17,169 studente in Landboukunde, 4,431 in die huisvlytrigting en 16,554 in die werktuigkundige rigting.[1)]

(b) Kommersiële opleiding

Eers na 1880 het die kommersiële skool in die V.S.A. as 'n inrigting vir beroepsonderrig vasskopplek gekry. Edmund J. James het in 1892 sterk pleidooie gelewer vir die instelling van kommersiële skole soos in Duitsland en in die twintigste eeu is sulke skole orals in die lewe geroep.

Die volgende tabel toon aan hoe die aantal kommersiële skole in Amerika toegeneem het:[2)]

Tabel nr. 16.

| Jaar | Privaat Skole | Studente | Studente in Stadskole |
|---|---|---|---|
| 1895 | 398 | 80,662 | 51,182 |
| 1905 | 529 | 146,068 | 116,712 |
| 1915 | 843 | 183,286 | 235,534 |
| 1918 | 890 | 289,579 | 278,275 (net in hoërskole) |

Hoewel die kursus die volgende vakke ingesluit het, het daar tog verskeie vakkundiges besware geopper dat die kursus te algemeen is en nie direk op die werk af nie. So was die kursus vir die sub-junior klasse Sosiale Wetenskap, Merkantiele gebruike, Engels, Duits, Frans, Fisika, Mineralogie, Latyn en Tekene waarvan die laaste twee opsioneel was. Leerlinge is eers na hul sesde skooljaar toegelaat en moes in die eerste jaar reeds met 'n groot aantal vakke besig wees. Die senior kursus het

1. Kandel: Twenty-five Years of American Education, 281.

2. Ibid., 282.

bestaan uit Wet, Sosiale Wetenskap, oorspronklike ondersoek in Teorie en Geskiedenis van Ekonomiese vraagstukke, Geskiedenis, Fisika en Sterrekunde.

> "A similar tendency may be noted almost twenty years later in the courses outlined for commercial high schools and departments."[1]

Eers in die twintiger jare van die twintigste eeu het die algemene rigting na groter spesialisasie verander.

(c) <u>Landbou-onderwys</u>

Hoewel die landbou-opleiding in Amerika in wese van dié van Duitsland verskil het, het die teorie 'n veels te groot rol gespeel.

> "The school must keep touch with the actual conditions of trade and commerce."[2]

In die geheel het die V.S.A. in 1911[3] 52 inrigtings gehad wat bekend gestaan het as "agricultural and mechanical colleges" waarvan 35 opleiding aan aspirant-onderwysers voorsien het. In 1913 het daar in die V.S.A. omtrent 2,300 hoërskole bestaan wat landbou aan studente voorsien het, terwyl daar in 1914 slegs 1,553 skole was met 'n totaal van 32,021 leerlinge en in 1917-18 was daar 2,012 met 38,728 leerlinge. Die stelsel het uiteindelik daarop uitgeloop dat die skole die leerlinge vir ses maande in die praktiese boerdery besig gehou het en daarna in die skool met die uitwerking van die skemas. Die Smith-Hughes-wet het eintlik 'n projekstelsel veronderstel. Leerlinge het feitlik beroepsvoorligting in die skole ontvang en daarna het aspirant boere opleiding in die Landbouskole ontvang en die volwasse-landbouprogram het 'n remediërende kursus aangebied om enige defekte van die vorige opleiding uit te skakel.

Landbou het in die V.S.A. so geweldig toegeneem dat dit in die twintiger jare van die twintigste eeu die ander uitvoergoedere oortref

---

1. Kandel: Twenty-five Years of American Education, 283.
2. Taylor: A Handbook of Vocational Education, 108.
3. Sien Rapport van die U.S. Commissioner of Education, 1911, vol. 2, 995.

het. Onderstaande tabel[1] toon dan ook die uitgawes van die Federale Regering aan in verband met die verskillende soorte uitgawes wat deur die Beroepswet gemagtig is.:

Tabel nr. 17

| Jaar | Landbou-opleiding | Vak-Huishoudkundige en Industriële opleiding | Onderwysers-opleiding | Navorsing |
|---|---|---|---|---|
| 1917-18 | 548,000 | 566,000 | 546,000 | 200,000 |
| 1918-19 | 784,000 | 796,000 | 732,000 | 200,000 |
| 1919-20 | 1,024,000 | 1,034,000 | 924,000 | 200,000 |
| 1920-21 | 1,268,000 | 1,278,000 | 1,090,000 | 200,000 |
| 1921-22 | 1,514,000 | 1,525,000 | 1,090,000 | 200,000 |
| 1922-23 | 1,761,000 | 1,772,000 | 1,090,000 | 200,000 |
| 1923-24 | 2,009,000 | 2,019,000 | 1,090,000 | 200,000 |
| 1924-25 | 2,534,000 | 2,556,000 | 1,090,000 | 200,000 |

(d) Huishoudkunde-opleiding

Hoewel in 1914 reeds 23 van die Amerikaanse State hierdie soort onderrig in hul skole aan leerlinge voorsien het, het die Smith-Hughes-wet van 1917 'n groot stoot aan suiwer huishoudskole gegee. Die wet het voorsiening gemaak vir behoorlike programme

> "to meet the needs of persons over fourteen years of age who are preparing for, or who have entered upon the work of various occupations."[2]

Hierdie soort opleiding het dit eintlik ten doel gehad om die gesinslewe reg aan te voor en het omsluit: versorging van voeding van kinders, versorging van die huis en uitrusting die aanskaffing, voorbereiding en bediening van voedsel; die aanskaffing en versorging van klere en in baie gevalle die maak daarvan en die verpleging van die gesin. Die kursus het 'n halfdag teorie en 'n halfdag praktyk ingesluit.

Gereelde beplanning moes geskied om met die ontwikkelinge van die huishouding tred te hou. So het die Smith-Hughes-wet in 1917 toege-

---

1. Kandel: Twenty-five Years of Vocational Education, 290.
2. Die Smith-Hughes-wet aangehaal in Vocational Education Bulletin nr. 1. Hiersiene uitgawe van 1926.

laat dat 'n federale agent vir beplanning aangestel word. Sy taak sou wees om besig te wees met navorsing ten einde skemas en metodes en middele aan te beveel vir die volle opleiding van die jeugdiges vir die volle gesinslewe. Gereelde konferensies is gehou tussen onderwysers en leerlinge om die omvang van die kursusse te bespreek. Die stelsel soos dit in volle swang was, blyk uit die volgende syfers. In 1905 was daar 849 studente in universiteite, kolleges en tegniese skole, terwyl die getal in 1910 soveel as 1934 beloop het en in 1916 17,778.[1]

(e) <u>Voortsettingsonderwys</u>

Tussen al die skoolstelsels in was daar nog 'n groep van die jeug wat nie behoorlik deur die skoolonderrig vir hul toekoms voorberei is nie.

> "The idea of utilizing, through school work of some sort, the idle periods in a seasonal industry, or of providing training and education for men who are out of employment, is very attractive."[2]

Die soort skool moes dus sowel gedurende die dag vir 'n tyd beskikbaar wees as in die aand en sou weldra deur die werkgewers geraadpleeg word wanneer jong vakleerlinge benodig word.

> "The continuation night school is to be the worker's high school and must be adapted to the needs of the working classes."[3]

In 1913 het die V.S.A. blykbaar nog nie so 'n stelsel van onderwys besit nie, want Carlton verklaar dat daar vir die soort onderwys nog ruimte bestaan en beveel aan dat filantropiese organisasies die voortou met voortsettingsonderwys moet neem. Hy beweer dan dat

> "the greatest national industry is the production of efficient, capable and well-trained men and women; and yet our educational mechanism only gets a firm grasp upon about one in every eight individuals who pass their fifteenth birthday."[4]

---

1. Kandel: Twenty-five Years of Vocational Education, 287.
2. Carlton: Education and Industrial Revolution, 232.
3. Ibid., 233.
4. Ibid., 226.

Origens word daarop gewys dat daar ŉ dringende behoefte in die V.S.A. bestaan aan ŉ skoolstelsel

> "which will train and assist the young workers who leave school for various reasons at an early age."[1]

Blykbaar het hierdie soort opleiding eers later wortelgeskiet want in 1911 het die staat Wisconsin in sy onderwyswet bekragtig dat leerlinge wat Voortsettingsklasse wat gestig mag word, wil bywoon vir die duur van vyf uur per week, van die werk vrygestel moet word.[2] Die soort van opleiding het egter net betrekking op vakleerlinge wat nie die ouderdom van sestien bereik het nie en bokant veertien jaar in die een of ander beroep begin werk het.

## 2. DIE BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN DIE V.S.A.

### Inleiding

In 1910 het verskillende state van Amerika onderwys beheer, beplan en onderhou sodat daar verskillende uitgangspunte en koerse in die stelsel was.

> "When by Union of the states the nation came into being, the policy of state control was not seriously questioned."[3]

Die staatspresidente wat die nasionale regering gelei het, het ŉ vaderlike oog oor die onderwys gehou en die belangstelling van die verskillende state altyd gaande gehou deur skenkings van geld en grond en so die nodige vooruitgang bewerkstellig.

> "There has been also a remarkable growth of new and pressing demands on behalf of industry, science, art, domestic, improvement, health and human culture in its several forms."[4]

Daar is as gevolg van die ontwikkeling van die state en die tekort aan ŉ saambindende krag ŉ buitengewone verskeidenheid van vorm en samestelling van funksies in die Amerikaanse stelsel.

---

1. Carlton: Education and Industrial Revolution, 227.
2. Taylor: A Handbook of Vocational Education, 212.
3. Dutton and Snedden: Administration of Public Education in the United States, 3.
4. Ibid., 4.

> "In the first place, there is a variety of control proceeding from the several political units which make up our system of government. The foreign observer finds it difficult to see an orderly plan when the district, the town, the city, the country, the state and the nation all have part to play in school support and oversight."[1)]

Geleidelik het die seggenskap van die kerk en plaaslike organisasies in die hande van die state oorgeskuif en die grootste dryfveer was die feit dat die finansiële tekortkominge die snelle uitbreiding van die wetenskaplike rigtings gestrem het.

> "It came gradually to be seen that the state rather than the church was competent to insist upon a modicom of training every child, and that public funds could not wisely be applied to support other than non-sectarian schools."[2)]

(a) Sentrale Beheer

Die Federale regering, bestaande uit die verteenwoordigers van die verskillende state, het kragtens die grondwet geen verpligtings teenoor die onderwys van die volk gehad nie.

> "The Constitution of the United States confers upon Congress no direct power over the public schools."

Aangesien die state vir hulle al die magte toegeëien het, wat nie vir die Kongres gereserveer is nie, het hulle die beheer van die onderwys op hulle geneem. Die Kongres het egter nie stilswyend die ontwikkeling sien voortgaan nie, maar het deur wetgewing altyddeur 'n eenheidstrewe ten doel gehad.

> "From the beginning Congress has legislated generously in aid of both elementary and higher education..."[3)]

In 1910 was daar 68 landbou- en werktuigkundige kolleges wat grondskenkings van die Kongres ontvang het. Kursusse in landbou word in elke staat voorgeskryf, maar ook navorsingstasies vir landbou is gebruik om studente op te lei.

---

1. Dutton and Snedden: Administration of Public Education in the United States, 4.
2. Ibid., 15.
3. Ibid., 25.

Aangesien landbou hand aan hand met werktuigkundige en wetenskaplike ontwerpe gaan, is albei die inrigtings deur die nasionale regering gesubsidieer.

> "Congress now (1910) appropriates 40,000 dollars annually to each of these institutions and about 28,000 dollars to the agricultural stations of each state and territory."[1]

(i) Die "Bureau of Education" wat deur die wet in die lewe geroep is, het tot taak gehad om statistieke te versamel i.v.m. toestande en vordering van die skoolstelsels in die verskillende state en gebiede en om inligting te voorsien insake die organisasie en beheer van skole en skoolstelsels, sowel as metodes van onderrig ter voorligting en ondersteuning van die onderwys oor die hele gebied. Aan die hoof van die buro het 'n Kommissaris gestaan wat in 1910 verklaar het dat sekere gebiede hul wenke ignoreer en dat toestande daar dringende aandag nodig het. So het die Sentrale regering sekere aspekte van die onderwys al meer en meer vir sy rekening geneem.

> "Just as the state long ago took over the function of public defence and the maintenance of internal order so it has also found it expedient and socially profitable to take over and to develope in full measure a wide range of educational activities."[2]

(ii) In 1914 is die Smith-Lever-wet gemaak met die doel om uitbreidingswerk van die Huisvlyt- en Landbouskool tussen die State en die Federale Landboudepartement te verseker. Die Wet het toekennings aan state gemaak wat ingewillig het om by wyse van wetgewing die maatreël te steun en die bedrae het van 10,000 dollar vir elke staat tot 500,000 dollar gewissel totdat die totale bedrag op 4,100,000 dollar per jaar te staan kom. Die gelde is aan die Landboudepartement vir aanwending toegeken. Die enigste eis was dat die som wat aan 'n staat beskikbaar gestel word, deur die staat verdubbel moet word.

---

1. Dutton and Snedden: Administration of Public Education in the United States, 31.

2. Ibid., 41.

"Beginning with the fiscal year 1920, Congress included in the regular appropriation acts for the Department of Agriculture supplimental grants to be administered in the same manner as the regular Smith-Lever-appropriation."[1]

(iii) In 1917 is die Smith-Hughes-wet deur die Kongres aangeneem. Hierdie Wet het ŉ omvangryke skema vir die bevordering van tegniese en beroepsonderwys opgestel. In die eerste plek het die Wet ŉ Federale Raad ingestel om die aanwending van die toekennings aan die state te beheer. Hierdie "Federal Board for Vocational Education"[2] is van ŉ uitvoerende personeel voorsien en op ŉ konferensie in Washington het die state wat deur wetgewing die toekennings aanvaar het, oorleg gepleeg oor die wyse waarop die toekennings gemaak kan word.

Dit het daar duidelik geword dat elke staat eers ŉ plan moet opstel en by die Federale Raad vir oorweging en goedkeuring moet indien. Hierdiê plan dek die hele jaar se werk i.v.m. beroepsonderwys en in 1922 moes dit vyf jaar vooruit dek.

"Section 3 of the national act appropriates funds to be used in paying the salaries of teachers of trade, home economics and industrial subjects for each fiscal year, making available the sum of 500,000 dollars for the fiscal year ended June 30, 1918 and larger sums for each subsequent year....."[3]

Die bedrae het jaarliks toegeneem sodat die toekenning in 1926 driemiljoen dollar was. Toekennings aan die verskillende state is ooreenkomstig die inwonertal gemaak.

Verantwoordelikhede van die Federale Raad is deur die Smith-Hughes-wet bepaal en kan as volg opgesom word: om die planne van die state te ondersoek; om met die "State Boards" saam te werk ter administrering van die voorsiening van die wet; om navorsing te doen of te laat doen en rapporte uit te bring ten einde die state te help in die instelling van beroepskole en -klasse; om jaarliks vas te stel of die state wel die toekennings ooreenkomstig die voorwaardes aangewend het; om jaar-

---

1. Wills: The Growth of American Higher Education, 38.
2. Trade and Industrial Education Bulletin nr. 17 van Federal Board for Vocational Education, 2.
3. Federal Board of Vocational Education: Bulletin nr. 17, 3.

liks voor 1 Januarie aan die Sekretaris van die Tesourie te sertifiseer watter state van die toekennings benodig en watter bedrae aan elke staat toegeken moet word; om jaarliks voor 1 Desember 'n verslag aan die Kongres oor die uitvoering van die wet voor te lê.[1]

(b) Plaaslike Beheer

Elke gefedereerde staat het sy eie wetgewende liggaam gehad wat sowel oor die onderwys as al die ander aspekte van volksbestaan wette moes maak. Uit die ontwikkelingsgeskiedenis van die onderwys in die state het dit duidelik geword dat die instelling om oor die onderwys te waak in die verskillende state selde oorgekom het. Die skoolstelsel het gewissel soos die welvaart van die state gewissel het en ook soos die digtheid waarmee 'n distrik of gebied bewoon is. Dikwels is skole gestig en in stand gehou deur organisasies, homogene gemeenskappe of selfs georganiseerde vakbonde. Waar die omgewing nie skole kon onderhou of stig nie, het die owerheid van elke staat sy eie skool gestig en hierdie soort skole word dan onderskei van die privaatskole oor wie die staat dan ook geen toesig gehad het nie.

(i) "State Boards" is Rade wat in die state benoem is om onderwys te beheer en te beplan. Hierdie rade is blykbaar deur die gemeenskappe gekies vir 'n bepaalde tyd en het direk met die Federale Raad geskakel om die toekennings vir die beroepsgerigte skole te ontvang, te beheer en aan te wend.[2] Die vernaamste verantwoordelikhede van die "State Boards" is: om planne vir Federale Raad voor te berei en voor te lê wat aantoon: die soorte beroepsonderwys waarvoor toekennings gebruik sal word; die soorte skole en uitrusting wat benodig word; die studiekursusse wat aangebied sal word; die metodes van onderrig; die bevoegdhede van die leerkragte; die verdeling van fondse vir opleiding van onderwysers; die bevoegdhede van die opsigters; om jaarrapporte op te stel oor die werk, vordering en statistieke oor uitgawes en in-

---

1. Federal Board of Vocational Education: Bulletin nr. 1, 61 en 62.
2. Ibid., Bulletin nr. 17, 8.

komstes; om toesig te hou oor die minimum vereistes in ooreenkoms met die Federale Wet en ook met die beleid en interpretasie van die wet wat deur die Federale Raad gegee is; om toekennings aan die staat onder die verskillende gemeenskappe te verdeel ter aanwending aan die wettig georganiseerde skole en klasse.[1]

(ii) Plaaslike Rade staan in dieselfde verhouding tot die "State Boards" as wat hulle tot die Federale Raad staan en aangesien die Federale Raad net met die "State Boards" handel, handel die Plaaslike Rade ook net met die "State Boards". In die meeste gevalle is die Lokale Rade verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van fondse vir die onderwys, skole en klasse wat hulle kragtens die Staatsplan mag organiseer of stig. Plaaslike Rade is direk verantwoordelik vir die handhawing van standaarde wat onder die Staatsplan vereis word en moet aan die "State Boards" verslag doen oor alle sake rakende die beroepskole en -klasse waarvoor daar gelde van die Federale Raad kragtens die Smith-Hughes-wet verkry is.

(iii) Skoolkomitees (Administrators) moet kragtens die Smith-Hughes-wet duidelik onderskei tussen

> "Industrial education of the vocational type which is contemplated under the terms of the national vocational act and other forms of industrial education commonly known as manual training, industrial arts, exploratory or finding courses, or manual arts."[2]

Die laaste groep vakke word deur die Federale Raad as algemeen formele onderwys beskou wat nie gesubsidieer word nie. Hiervoor het die "School Administrators" moes instaan behalwe dat hulle die besonderhede van die ontwerpplan aan die Plaaslike Rade vir die betrokke skool moes voorsien en die gelde moes aanwend waarvoor dit bestem is.

---

1. Vocational Education Bulletin nr. 1. Hersiene uitgawe 1926, 64.
2. Ibid.

C. DIE STELSEL EN BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN ENGELAND

Inleiding

Die gewone skoolstelsel dateer uit die vroegste tye en eers na 1870 is daar sprake van 'n nasionale onderwysstelsel toe die Britse parlement 'n wet aangeneem het waarkragtens alle kinders elementêre skoolopleiding moes geniet. Die klassieke skool het bly voortbestaan en met groot jaloesie is gewaak teen enige inmenging van die reg van beheerkomitees om kurrikulums te verander.

> "The powers of the national authority include no right to prescribe curricula, methods, or text...."[1)]

Hoewel die "Science and Art Department" van 1856 aan die pasgestigde Onderwysdepartement oorgedra is, het dit na 1870 opdrag gehad om die klassieke onderwysskema te wysig sodat 'n deeglike grondslag gelê kan word vir industriële onderwys. As gevolg van finansiële nood kon die "Old Grammar"-skole nie die duurder tegniese onderwys voorsien nie en daarom het hulle opdrag van die Onderwysdepartement ontvang om die dagskole te steun insoverre hulle tegniese onderwys aanbied. Spesiale skemas is gemagtig om aan die boonste klasse van die "Elementary Schools" beroepsgerigte kursusse te voorsien.

Na 1890 het "Country Councils"[2)] mag verkry om industriële onderwys in bestaande skole te bevorder deur die aanwending van fondse, verkry uit plaaslike belastings.[3)] In 1902 is deur die wet sekondêre skole verpligtend gemaak en moes elke "Local Educative Authority" in sy gebied die nodige reëlings tref om deur koördinasie alle bestaande onderwysvorme vir die doel in te span. In 1918 het 'n omvangryke beursstelsel leerlinge wat aanleg gehad het in die geleentheid gestel om in moontlike rigtings te kwalifiseer. Ten einde toelaes van die "Board of Education" te verkry wat die Departement in 1899 vervang het, het

---

1. Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 163.
2. Die Wetsterme het hiermee bedoel distriksrade plus die dorpsrade in die distrikte. Sien Clough "History of Education", 117.
3. Dit was 1d in die £ op eiendomswaardasie.

baie sekondêre skole een kwart van hul leerlingtal sonder die nodige skoolgelde toegelaat.

1. DIE STELSEL VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS

(a) Beroepsvakke in Gewone Skole

Tussen 1815 en 1825 het verskeie "Mechanics' Institutions" tot stand gekom, maar het met uitsondering van twee of drie wat tegniese skole geword het, verdwyn, omdat diegene wat by die opleiding moes baat nie die nodige onderwysgrondslae besit het nie. Die "Science and Art Department" wat in 1853 in die lewe geroep is na die Internasionale Tentoonstelling in Hyde Park, het industriële onderwys in die elementêre en later[1] in die sekondêre skole bevorder. Eers na 1902 is ŉ stelsel van industriële onderwys geleidelik ontwikkel sodat in die meeste skole in London handwerkvakke vir seuns en huishoudkundevakke vir dogters voorsien is in goed toegeruste werkwinkels en laboratoria. Hoewel daar ŉ groot verskeidenheid van besonderhede in kurrikulums en metodes was, was die einddoel van die aanbieding direk beroepsgerig. Groepe skole het hul leerlinge om die beurt na sentrums in die stad vir die nodige opleiding gestuur. Meer as tagtig persent van die leerlinge in London het in 1909 hierdie soort opleiding geniet. Hout- en Metaalwerk met die nodige Tekene is aan alle seuns bokant graad ses en elf jaar ouderdom voorsien, terwyl dit ook beskikbaar gestel is aan seuns onderkant graad ses, maar ouer as twaalf jaar.[2]

Aan dogters in graad V sowel as twaalf jaar oue dogters onderkant graad V is Huishoudkunde gegee wat bestaan het uit Kookkuns, Was- en stryk en Huisvrouwerk. Die kursus het oor twee of drie jaar gestrek en die leerlinge het elke week ŉ halfdag-opleiding in die sentrums ontvang.[3]

---

1. In 1870 is opdrag gegee dat sekondêre skole ook beroepsonderwys moet gee.
2. Taylor: A Handbook of Vocational Education, 22.
3. Ibid.

London is in ses skooldistrikte verdeel en vir elkeen is ŉ handwerksentrum opgerig. Tot 1912 het daar 39 skole tot stand gekom waarvan dertien met ŉ industriële inslag, en dertien met ŉ kommersiële inslag en dertien met beide ŉ industriële en kommersiële inslag.[1] In die elementêre afdelings d.w.s. laer as graad V was die leerlinge in die gewone skole met vaardigheidsvakke soos Papiervou, Kartonwerk, Draadwerk, Vlegwerk, Modellering en Naaldwerk besig. Verskeie gevestigde "Grammar"-skole het egter geweier om aan hul klassieke kurrikulums te torring, maar andere het net aan tegniese aspekte van die beroepsrigtings gevolg gegee deur vakke soos Matesis, Skeikunde en Natuurwetenskap aan te bied.

(b) Junior Tegniese Skole

Daar is dikwels na dié skole verwys as voorsienende nie-sekondêre onderwys, tog het veral seuns en soms ook wel dogters bokant dertien jaar hierdie skole besoek vir ŉ driejarige kursus wat vir die een of ander ambag of groep ambagte voorberei het met volle inagneming van die algemene kulturele vakke in daardie klasse. Hierdie soort skole het slegs in die groter stede voorgekom.

> "What they are trying to do is now better understood, being nothing less than that transcending in practice of the vocational-cultural distinction which we now see to be of such urgent importance."[2]

Na aanleiding hiervan het die Spens-komitee in later jare dit gerade gevind om tegniese hoërskole aan te beveel. Daar het dus in die tydperk onder behandeling geen tegniese hoërskole in Engeland bestaan nie.[3]

Teen 1912 het die Junior Tegniese Skole vaste vorm aangeneem en

> "intended to prepare their pupils either for artisan or other industrial employment or for domestic employment."[4]

---

1. Cooley: Vocational Education Vol. 1., 176.
2. Clarke: Education and Social Change, 39.
3. Ibid.
4. Abbott: Education for Industry and Commerce in England, 1933, 92.

Die kursus het oor twee of drie jaar gestrek en het seuns en dogters tussen die ouderdomme van 13 en 14 jaar toegelaat. Skoolgelde ten bedrae van R10.00 jaarliks is van leerlinge bokant dertien jaar gevorder. Dit is van die leerkragte wat die ambagte doseer het, verwag dat hulle goed in die praktyk onderlê sou wees.

In 1909 was daar 52 voltydse kursusse vir junior studente onder sestien jaar waarvan 4,000 in aanmerking gekom het vir toelae van die "Board of Education". Die getalle het egter in die volgende jare snel vermeerder sodat daar reeds voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog tussen 6 en 7 duisend studente toelaes ontvang het, omdat hulle die vereiste aantal ure van bywoning van klasse behaal het. In die skooljaar 1922-23 was daar 86 Junior Tegniese Skole in Engeland wat bygewoon is deur 10,413 seuns en 1,793 dogters. As die skoolbevolking van Engeland egter in aanmerking geneem word, dan is hierdie vermeerdering maar skamel en die rede wat daarvoor aangegee word, lê verskuil in die woorde:

> "Whereas in foreign countries technical education has expanded under the active encouragement of the leaders of industry and commerce, in England it has grown up chiefly as a result of the desire of the more ambitious workmen to improve their position."[1)]

Die elementêre en tegniese skole het nie bymekaar aangesluit nie en aan hierdie gaping skryf Lord Eustace Percy, President van die Board of Education die swak vordering op tegniese en beroepsonderwys toe.[2)]

(c) <u>Voortsettingsonderwys</u>

Aansienlike getalle voortsettingskole het in Engeland bestaan wat hoofsaaklik tegniese en beroepsonderwys in die aande aan jong werkendes verskaf het. In 1914 het London alleen 274 aandskole gehad wat Eerstehulp, Tuisverpleging, Kookkuns, Waswerk, Hoede- en Kleremakery, Tekene, Hout- en Metaalwerk aangebied het. 'n Tweede groep[3)] die skole het

---

1. Grave: Policy and Progress in Secondary Education 1902-1942, 139.
2. Ibid.
3. Die kursusse wat aangebied is, is gegroepeer en aangebied in die "Junior Course" die "Senior Course" en die "Advanced Course" vanwaar studente na kolleges kon gaan. Sien Abbott: Education for Industry and Commerce in England, 58.

gevorderde kursusse in bestaande vakke teen vergoeding per vak aangebied. Ook is handelsvakke, Engels en vreemde tale teen klasgelde voorsien, terwyl 'n derde groep skole elementêre en intermediêre grade van onderwys in die suiwere wetensakplike en kunsonderwerpe aangebied het met die oog op gevorderde studies in Tegniese Kolleges en Kunsskole. Klasgeld van vyftig sent is per skoolsessie gevorder gedurende die vier aande per week wat die skole onderrig gegee het, en eksamens is afgelê vir bepaalde tegniese sertifikate wat wye erkenning geniet het.

Hierdie soort onderwys was onontbeerlik in Engeland aangesien

> "Economic necessity made secondary schooling a luxury for most boys and girls and the great majority of them continued to terminate their education even before the end of the elementary school."[1]

Die Fisher-wet van 1918 het egter 'n sterker nasionale grondslag aan die gehele stelsel gegee deur 'n beursstelsel, verpligte onderwys tot 18 jaar in voortsettingskole en uitskakeling van die "halftime system" waardeur leerlinge wat in die diens is slegs die helfte van die verpligte tyd in skool deurbring. Skole was dan geregtig om die helfte van hul uitgawes van die "Board of Education" te vra as hulle alle gegewens wat gevorder mag word, verstrek en onderhewig is aan inspeksie.[2]

Die Hadow-rapport van 1924 het egter diepergaande veranderings aanbeveel naamlik: die verryking van die boonste jare van die laerskool, t.w. bokant elf en onder veertien; die ontwikkeling van senior skole van 'n minder akademiese aard as die gewone sekondêre skole en die insluiting van kommersiële, industriële, landboukundige en huishoudkundige opleiding sowel as werk in Matesis, Wetenskap en 'n moderne taal, behalwe die vakke waarmee in die laer klasse begin is. Ongeveer 75,000 leerlinge het in Engeland in 1924 van dié soort sekondêre onderwys gebruik gemaak.[3]

---

1. Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 172.
2. Die Fisher-wet van 1918.
3. Hadow-rapport: "The Education of the Adolescent" van 1924.

(d) Industriële Skole

Kragtens 'n onderwyswet wat in 1866 deur die Britse parlement aangeneem is, moes daar op verskeie plekke in Engeland en Wallis industriële skole gestig word om die stokkiesdraaiers en oortreders van skoolgaande ouderdom te rehabiliteer. Vir die onderhoud van die skole moes sowel ouers as die staat betaal en die personeel is deur die "Home Secretary" aangestel, onder wie se jurisdiksie al die skole opgerig moes word.

In 1870, met die "Elementary Education Act", is die skoolrade wat in aansyn geroep is, gemagtig om die soort skole vir hul omgewings te stig en beamptes aan te stel om die regulasies i.v.m. die skole uit te voer. Kragtens artikel 14 van die Wet kon skoolrade die onderwysers aanstel en artikel 15 het gelui:

> "officers may be appointed to enforce any bye-laws under the Act and under the Industrial Schools Act, 1866, and may, if properly authorised by the Board, appear in court to prosecute."[1)]

Hierdie skole het die kinders in skoolhuise gehuisves, maar in 1876 is bepaal dat leerlinge wel buite die koshuise kan tuisgaan en die klasse bedags bywoon.

> "Day industrial schools may be established providing industrial training, elementary education, and one or two meals a day but not lodging, and all powers respecting an industrial school shall be exercisable in respect of a 'day' Industrial School."[2)]

Ouers kon verplig word om die bedrag van 20 sent per dag vir onderhoud te betaal.

In 1902 het alle magte van die skoolrade oorgegaan op die Local Education Authorities[3)] wat belastings kon hef en uit die Aksynsbelasting ("Whiskey money") selfs in die hoër onderwys (higher education) kon vergoed. Die Industriële Skole het bly voortbestaan en het aan die leerlinge wat daarvoor aanleg gehad het vir die helfte van die dag

1. Clough: History of Education, 97.

2. Elementary Education Act 1876 (amendment) art. 9.

3. Clough: Ibid., 117.

ambagsonderwys gegee en die ander helfte van die dag elementêre onderwys.

2. DIE BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS IN ENGELAND

Inleiding

Waar die ontwikkeling van die samelewing in Engeland ŉ skoolstelsel met hom saamgebring het wat ryk is aan diversiteit, daar was dit die taak van die staat om ŉ nasionale stelsel te bewerkstellig, geensins maklik nie.

> "The reason for this helter-skelter lies in the piecemeal evolution of Englands educational system.."[1)]

Die geskiedenis van die parlementêre stelsel in Engeland getuig dat die volk baie fyngevoelig is oor die wegneem van regte wat reeds verwerf is.

> "Traditionally the English have been fearful of bureaucracy and centralized governmental authority."[2)]

Vryheid in elke opsig was die wagwoord van die Engelse volk en enige poging om in die skoolstelsel verpligtinge in te voer, is met teenstand begroet. Die traagheid om met nuwighede en nuwe rigtings in te val, moet dan ook toegeskrywe word aan die voorliefde vir die tradisionele.

> "It explains in no small way why England lagged behind other European powers in modernizing her system of education."[3)]

Deur middel van staatsubsidies vir onderwys het die belangstelling van die staat geleidelik toegeneem en stap vir stap gevorder om eers in 1944 ŉ groot sprong in die rigting van Sentrale beheer te maak.

(a) Die Beheerstelsel van Tegniese en Beroepsonderwys

(i) Beheer van Gewone skole met handwerkvakke

Aangesien die handwerkvakke in die gewone skole geleidelik ŉ groter rol gespeel het, is dit noodsaaklik om die beheerstelsel van die

---

1. Meyer: The Development of Education in the Twentieth Century, 163.
2. Ibid.
3. Ibid., 165.

gewone skole soos dit in swang was, te behandel, met dien verstande dat daarop gelet moet word dat daar allengs veranderinge aangebring is in die rigting van 'n nasionale onderwysstelsel. Die vernaamste dryfveer vir die staat om hom met die onderwys te bemoei, was geleë in die feit dat die skoolloutoriteite (plaaslike stigterskomitees, veral kerkliggame) min, indien enige aandag aan wetenskaplike of beroepsgerigte vakke gegee het. Staatstoelaes is aangebied om hierdie soort onderwys ook in die roosters in te sluit en die skole vir al die leerlinge toeganklik te maak. Geleidelik het die privaat kerkskole 'n agterstand ondervind omdat die gelde wat hulle vir die opleiding van kinders in hul skole kon gebruik, baie minder was as wat die skole onder skoolraadskontrole met toekennings van die staat kon aanwend.

(ii) Plaaslike beheer

"The Education Act of 1902 became the corner-stone of the State educational system in England and Wales."[1]

Kragtens hierdie wet is die skoolrade tot niet gemaak en in plaas daarvan is die "country councils, county borough councils and urban district councils"[2] as die "Local Education Authorities" ingestel.

Die Leas[3] is gemagtig om in hul areas sekondêre, tegniese en beroepsonderwys te voorsien of te ondersteun. Ook het die liggame die reg gehad om vrywillige skole finansieel te ondersteun mits hulle toegelaat word om die onderwys, behalwe godsdiensonderrig, te beheer. Die uiteindelike gevolg van hierdie wet met al sy wysigings en regulasies wat gaandeweg aangebring is, was dat die Leas sekondêre skole opgerig en snel ontwikkel het deur bydraes aan die bestaande "Grammar"-skole te maak en daardeur seggenskap in die aard van die onderrig verkry het. Ook is tegniese onderrig in die gewone skole bevorder en is 'n aantal opleidingskole vir onderwysers in die lewe geroep en onderhou.

---

1. Central Office of Information London: Education in Great Britain, 48.
2. Hierdie plaaslike rade is in 1888 deur die "Local Government Act" vir plaaslike besture in die lewe geroep.
3. 'Local Education Authorities', afgekort.

> "The Act held the field until the war of 1914-1918 gave a further impetus."[1)]

In 1918 het die Fisher-wet verdere funksies aan die Leas opgedra en is die skoolverlatingsouderdom tot 14 jaar opgestoot sonder enige vrystellings tot die einde van die jaar waarin die leerling veertien word. Dit lê verder die Leas die voorsiening van senior afdelings of sentrale skole met gevorderde opleiding en praktiese opleiding vir die ouer kinders ten laste. Ook eis dit die instelling van ꞌn skema waarkragtens deeltydse verpligte bywoning van dag-voortsettingsonderwys vir seuns en dogters tussen 14 en 18 jaar wat nie meer voltyds studeer nie, gevorder word. In 1921 is hierdie laaste opdrag herroep as gevolg van finansiële nood en alle vorige onderwyswette gekonsolideer in die "Education Act of 1921".[2)]

Die Hadow-rapport[3)] wat in 1926 gepubliseer is, het die skoolplig tot 15 laat opstoot en die skoolstelsel met ꞌn breek by 11 jaar voorgestel, sodat alle leerlinge die voordeel van progressiewe onderwys in die laaste vier jaar deelagtig kon word.

(iii) Sentrale Beheer ("Board of Education")

Voor 1899 het die sentrale onderwysowerheid in Engeland uit drie onafhanklike liggame bestaan, t.w. die "Charity Commission" wat die "Endowed Schools" beheer het kragtens die "Endowed Schools Act", die "Department of Science and Arts" wat tegniese en beroepsonderwys in sekondêre skole beheer het ꞌn die "Education Department" wat veral sowel die gewone sekondêre skole as die onderwysersopleiding beheer het.

> "While the sphere of each authority is thus narrowly circumscribed, these authorities have no organic connection with each other."[4)]

---

1. Central Office of Information London: Education in Great Britain, 48.
2. Let daarop dat Kaapland en die O.V.S. in dieselfde tyd ook hul onderwyswette gekonsolideer het.
3. Sir Henry Hadow wat voorsitter van die Raadgewende Komitee van die Board of Education was, was ook voorsitter van die Kommissie van Ondersoek en vandaar die naam.
4. Bryce Commission Report, Vol. 1, 64 - 65.

Die Bryce-kommissie het dus 'n oplossing vir hierdie verdeelde beheer probeer vind en die gevolg van hul aanbevelings was die "Board of Education Act" van 1899. Kragtens hierdie wet het die "Board of Education" tot stand gekom,[1]

> "charged with the superintendence of matters relating to education in England and Wales."[2]

Die voorsitter van die Board of Education was "the Lord President of the Council" en die ander lede "the Principal Secretaries of State, the Head of the Treasury, and the Chancellor of the Exchequer."[3] Ten einde aan die begeertes van die sterk Hoofde-organisasie te voldoen, het daar 'n "Consultative Committee" in aanvulling tot die Board of Education bestaan,

> "largely, it would seem, as a sop to the headmasters of public schools."[4]

Hierdie liggaam het geen beheer oor skole gehad nie, maar kon in opdrag rapporte oor enige onderwysaangeleentheid opstel ter voorlegging aan die Board of Education wat dikwels die verslae geïgnoreer het.

> "The Consultative Committee became in practice only a standing departmental committee."[5]

Hul vernaamste taak was om ledelyste van alle leerkragte te hou met volle besonderhede van hul kwalifikasies.

Die Board of Education het al die magte van die voornoemde "Education Department" en van die "Science and Art Department" oorgeneem

> "and in reading or construing all antecedent statutes or documents shall be substituted therefore."[6]

---

1. Die Board is aangestel deur "His Majesty and holds office during his pleasure": Art. 2 van Board of Education Act., 1899.
2. Tegniese en Beroepsonderwys is hierby ingesluit.
3. Graves voer aan dat die "Board of Education has come to mean the President and his officials as no meeting of the full board has ever taken place." Policy and Progress in Secondary Education 1902 - 1942, 24.
4. Ibid., 24.
5. Ibid., 26.
6. Clough: A Short History of Education, 114.

In Afdeling 3 (1) van die "Board of Education Act" is voorsiening gemaak vir n deeglike inspeksiestelsel in die sekondêre en tegniese en beroepskole. Gedurende 1911 het Morant, die permanente sekretaris van die Board of Education, sy inspeksiestelsel so georganiseer dat vir elke soort skool n bevoegde inspekteur aangestel is. Daar was dus spesiale inspekteurs vir die elementêre skole, vir die sekondêre skole, vir die tegniese en beroepskole, vir die kunsskole en vir die opleidingskole van onderwysers (pupil teachers).[1)]

Hoewel die voorsitter van die Board of Education, nl. die Minister van Onderwys, ook die mondstuk van die onderwys in die Britse Laerhuis was, is genoemde Board of Education tot in 1917 beskryf as "figure-heads".[2)] Met die koms van Fisher as Minister van Onderwys het dit vir die Engelse onderwysmanne duidelik geword watter waarde dit het dat die voorsitter van die Board of Education ook die Minister van Onderwys moet wees.[3)]

Saaklik kan dit gestel word dat waar tegniese en beroepsonderwys in die gewone skole bestaan het, die skole hul eie skoolkomitees (Managers), wat onderwysers kon aanstel of ontslaan, gehad het. Na 1904 het die LEAs die reg gehad om sowel aanstellings as ontslag te veto.[4)] Die beleid van die skole is nie alleen deur die Board of Education in spesiale regulasies neergelê nie, maar die Board of Education kon deur die LEAs bedrae aan die skole beskikbaar stel of kon dit direk aan die skoolkomitees doen. Die regulasies het dan die soort skole as "Grammar", "Evening Schools, Technical Institutions and Schools of Art and Art Classes" omskrywe. Kragtens hierdie regulasies is die toelatingsvereistes, skoolverlatingsouderdom, kursusse en eksamens gereël. In 1905 het die tegniese dagskole begin funksioneer vir leer-

---

1. Graves: Policy and Progress in Secondary Education 1902 - 1942, 48.
2. Ibid., 27 - 28.
3. Ibid., 27.
4. Ibid., 35.

linge wat hul laerskoolkursus voltooi het, waar die ander beroepsgerigte skole slegs leerlinge met drie jaar sekondêre algemene opleiding kon opneem.[1)]

Eers in 1912 - 1913, nadat Morant afgetree het, het die Junior Tegniese Skole vasskopplek in die Engelse onderwysstelsel gekry. Ook hierdie skole het skoolkomitees gehad wat direk onder die LEAs gestaan het en deur regulasies van die Board of Education gefunksioneer het. Die skole het ook sekere leerlinge vir lewensberoepe toegerus in ooreenstemming met die voorgeskrewe regulasies wat te eniger tyd gewysig kon word. Die skoolkomitees het bestaan uit sowel werkgewers as werknemers en het slegs adviserende mag gehad. Hierin kom hulle status baie ooreen met die skoolkommissies wat in Transvaal vir gewone skole bestaan het.

---

1. Regulasies vir "Day Technical Classes" van 1905.

## D. 'N KRITIESE VERGELYKING VAN DIE STELSELS EN BEHEER MET DIE VAN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Sonder om te twyfel kan dadelik vasgestel word dat die onderwysstelsel van die V.S.A. geen direkte of merkbare invloed op die van Suid-Afrika uitgeoefen het nie. Ewemin kan enige verwantskap tussen die Duitse en die Suid-Afrikaanse stelsel bespeur word, behalwe dat dit via die Engelse stelsel gekom het. Hier word veral op die stelsel van landbou-onderrig gesinspeel. In Duitsland het die tuinbouafdelings 'n prominente rol gespeel en sedert 1916 word skooltuine ook prominent in Engeland. In Suid-Afrika beveel die Viljoen-kommissie landbou-opleiding in die skooltuingedagte baie sterk aan.[1)]

Die noue kontak tussen Engeland en Suid-Afrika kan ook sterk op die gebied van die onderwys en veral die tegniese en beroepsonderwys waargeneem word. Daar is haas geen vertakking van die Suid-Afrikaanse stelsel wat nie ook in Engeland opgespoor kan word nie. Tog het die beheerstelsel in minder mate ooreenkoms getoon, hoewel die sterk lokale of liefs provinsiale beheerstelsel sy oorsprong in die Engelse stelsel het.

### 1. DIE ENGELSE MET DIE SUID-AFRIKAANSE STELSEL VERGELYK

#### (a) Handwerkvakke in gewone skole

In albei lande het die laer en middelbare skole handwerkvakke in die gewone skoolrooster ingesluit hoewel dit in Engeland deur staatssubsidies geïnspireer is en in Suid-Afrika deur die Minister van Onderwys op sy Tegniese Onderwyskonferensie van Pretoria in 1911 en in Bloemfontein in 1916.

In Kaapland, Natal en die O.V.S. het die leerlinge egter skoolgelde betaal terwyl dit in die Transvaal gratis was. Soos in Engeland het Suid-Afrika met uitsondering van die O.V.S. behoorlik gespesialiseerde inspekteurs benoem om die handwerkvakke in definitiewe rigtings te stuur.

---

1. Sien hoofstuk IV A.2. (d).

So is die vakke wat vir dogters aangebied is presies dieselfde naamlik Kookkuns, Was-en-stryk, Huisvrouwerk, Naaldwerk, Kleremakery, terwyl sowel die seuns as die dogters Kartonwerk, Papierwerk en Knipwerk in die junior klasse van die laerskole gedoen het. In die middelbare afdelings het die seuns verder Houtwerk en nog later Metaalwerk gedoen. Sentra vir groepe skole is in Transvaal opgerig en anders as in die O.V.S. het Natal en Kaapland ook sentrale werklokale vir Houtwerk en Metaalwerk besit waar rondreisende leerkragte of instrukteurs onderrig gegee het. Dit was ook die praktyk in Engeland waar leerlinge een dag per week in so 'n sentrale werkslokaal vir 'n halfdag prakties onderlê word in die hantering van gereedskap en die lees van tekeninge.

(b) Industriële Skole

In Kaapland, die O.V.S. en Transvaal word Industriële Skole aangetref wat aan die leerlinge onderrig gee in sowel gewone skoolvakke as tegniese en handwerkvakke. Daar is 'n verskil in die wese van die skole in soverre Transvaal veral weeskinders, arm kinders en selfs gekommitteerde kinders toegelaat het, terwyl die O.V.S. leerlinge opgeneem het wat behoeftig was en aanleg in die rigting gehad het. Kaapland, daarenteen, het veral behoeftige leerlinge opgeneem en aan hulle definitiewe beroepsonderwys voorsien.

Die Engelse Industriële Skool was egter 'n inrigting waaraan jeugdige misdadigers en afwykende leerlinge opvoeding gegee is.[1] Hulle het dan vir die eerste halfdag gewone skoolvakke bygewoon sowel as praktiese beroepsvakke vir die ander halfdag.

---

1. Hierdie soort skole het 'n baie slegte naam gehad en die stigma is jare na die Industriële skoolgedagte in Suid-Afrika verdwyn het, nog merkbaar in die houding van ouers teenoor die moderne Tegniese skole in Suid-Afrika. Daar is min deursnee ontwikkelde Suid-Afrikaners wat juis kennis dra wat by die soort skole vandag gedoen word, en die verdeelde beheer werk soms opsetlike traak-my-nie-agtigheid t.o.v. die soort onderrig in die hand indien dit nie negatiewe advies van verantwoordelik instansies ontlok nie.

(c) "Junior Technical Schools"

Die "Junior Technical Schools" in Engeland was beroepsgerigte skole wat in verskeie fasette in Suid-Afrika gesien kan word. In Natal tref ons Tegniese Institute aan wat laer-, middelbare en sekondêre onderrig verskaf, sowel as die tegniese en beroepsgerigte vakke in volle ooreenkoms met die Britse "Junior Technical School". In Transvaal is daar die Ambagskole wat presies dieselfde koerse as die "Trade School", ŉ soort Junior Tegniese skool in Engeland, ingeslaan het. Hierteenoor staan die Industriële skole van die O.V.S. wat slegs in hul metodes van die Transvaalse Ambagskole verskil, omdat hulle die fabriekstelsel in hul werkwinkels gebruik het en sodoende die vervaardigde artikels van die hand gesit het. Die Ambagskool van Transvaal kom ooreen met die Industriële Skool te Uitenhage, en die van die O.V.S. met die van Kaapstad waar die seuns bedags vir die praktiese ervaring in die stad in fabrieke gaan werk.

(d) Voortsettingsonderwys

Hierdie soort skole is aanvanklik in die provinsies gebruik om die algemene skoolvakke van die leerlinge te verhoog, aangesien sovele vanweë hul swak algemene opleiding nie by die tegniese en beroepsonderwys van die verskillende doelgerigte skole kon baat nie. Hierteenoor het die soort skole in Engeland juis net beroepsvakke teen vergoeding aan die werkende jeug gegee en selfs aan werkende volwassenes wat begerig was om hul beroepswerk doeltreffender te verrig en sodoende promosie te kan bekom. Later het die voortsettingskole onder invloed van die Jeugadviesrade ook beroepsvakke aangebied ten einde die vakleerlinge vir sekere beroepe te bekwaam. Net soos in Engeland het die groepkursusse al meer grond gewen sodat ŉ beroep met sy aanverwante vakke ŉ geheel uitgemaak het vir elke kursus wat gevolg is. Verpligte onderwys het baie daartoe bygedra om die jeug vir spesifieke beroepe deeglik te bekwaam.

(e) Kommersiële Skole

Waar hierdie soort skole baie prominent aandag in Duitsland geniet het, is dit skromelik in sowel Brittanje as in Suid-Afrika ver-

waarloos. In laasgenoemde lande het dit gewoonlik ŉ ondergeskikte plek in voortsettingsklasse geneem of ŉ minder belangrike afdeling van die Politegniese Inrigtings in Pretoria en Bloemfontein uitgemaak. Hierdie beroepsrigting is egter later doelgerig in die kursus van die gewone hoër- en middelbare skole in al vier die provinsies ingevoeg.

(f) Kunsskole

In sowel Natal as die Kaapprovinsie het Kunsskole bestaan maar in Transvaal en die O.V.S. het daar behalwe Tekenwerk in die Tegniese Kolleges geen Kunsskole bestaan nie. Patroontekene vir materiale het in Duitsland en Amerika wel bestaan, maar kunsskilderwerk was by uitstek ŉ verskynsel in Engeland, Die eksamen van die Londonse skole het dan ook die Kunsskole van Kaapland en Natal aangegryp en moes aan dieselfde vereistes voldoen word, vandaar dat die leerkragte direk uit Engeland ingevoer is.

Oor die algemeen kan beweer word dat die klassieke skool sy stempel baie ferm afgedruk het op die onderwysstelsels in sowel Engeland as Suid-Afrika wat ŉ stremmende uitwerking gehad het op die meer moderne rigting van tegniese en beroepsonderwys. Ook het die sterk plaaslike beheerstelsel wat in Engeland die ontwikkeling van ŉ nasionale stelsel in die wiele gery het ŉ merkbare invloed in Suid-Afrika gehad. Veral na 1924 het daar ŉ groter gaping tussen die algemene en die spesifieke beroepsonderwys gekom wat eweas in Engeland vir die swak vordering verantwoordelik was.

2. BEHEER VAN TEGNIESE EN BEROEPSKOLE IN OORSESE LANDE MET DIE IN SUID-AFRIKA VERGELYK

(a) Sentrale Beheer in Engeland met Suid-Afrika vergelyk

Wat die tegniese en beroepsonderwys in Engeland betref, het dit direk onder die beheer van die "Board of Education" gestaan. Hierdie "Board of Education" is deur die koning in uitvoerende gesag aangestel en kon in diens bly so lank dit hom behaag. Hierteenoor was die tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika na 1924 in die hande van die minister van Onderwys en sy Departement, terwyl daar verskeie vorme van beroepsgerigte vakke in die gewone skole aangebied is, wat weer

direk deur die Administrateur en Uitvoerende Komitee vir die Direkteur van Onderwys en sy Tegniese Inspekteurs beheer is. Waar die Administrateur deur die Eerste Minister aan die Goewerneur-generaal vir aanstelling aanbeveel word, het die Unie-regering 'n houvas op die provinsiale besture. Die Direkteur word weer deur die Administrateur en die Uitvoerende Komitee, wat uit Provinsiale Raadsverteenwoordigers gekies word, vir aanstelling by die Staatsdienkommissie aanbeveel. Die Direkteur is dus 'n staatsamptenaar en is direk aan die Provinsiale Raad verantwoording verskuldig. Voor die oorname van die tegniese en beroepskole in 1924 - 1928 het dié soort onderwys direk onder die Direkteur gestaan. Elke skool het sy plaaslike beheerraad gehad.

(b) Plaaslike Beheer in Engeland met Suid-Afrika vergelyk

Na 1902 het die "Local Education Authorities" alle onderwys, dus ook tegniese en beroepsonderwys, namens die "Board of Education" beheer. Gelde vir die stigting, instandhouding en uitbreiding, veral van die tegniese en beroepsonderwys, is deur die Britse parlement via die Board of Education aan die LEAs oorbetaal. Gelde kon egter ook deur die skoolbestuurder direk van die "Board of Education" ontvang word. Die LEAs is Rade wat deur die stemgeregtigde publiek vir distrikte, dorpe en stede gekies word en hulle het kragtens die Wet in 1902 mag gehad om skole te beheer, wat finansiële steun van die staat ontvang vir die aanbieding van beroepsonderwys sowel as sekondêre onderwys en onderwysersopleiding. Hulle het dus baie met ons Provinsiale Raad ooreengekom want hulle kon die aanstelling en ontslag van leerkragte deur die plaaslike bestuurders op opvoedkundige grond veto.

Omdat die Minister van Onderwys in Engeland aan die Parlement verantwoording verskuldig is vir die aanwending van die bedrae wat vir die onderwys begroot is, was daar behoorlike kontrole oor die uitgawes deur die wetgewende en belastingheffende liggaam, waar dit in Suid-Afrika nie die geval is waar die Provinsiale Rade begrote bedrae ontvang sonder dat die Volksraad vergewis word van die aanwending daarvan nie.

Die Provinsiale Rade kan belastings hef vir onderwys in aanvulling tot die bedrae wat deur die Parlement op 'n finansiële verhoudingsbasis toegestaan word en so kan die LEAs ook belastings op eiendomme vir die instandhouding van skole in die afdeling hef. Sowel die skoolrade in Kaapland as die Afdelingsrade kon belastings hef, maar in die ander drie provinsies het hulle nie daardie mag gehad nie, maar was blote administratiewe liggame vir die skooldistrik. Skoolrade het slegs adviserende mag by die aanstelling en ontslag van leerkragte en so ook die skoolkomitees en beheerrade wat ook deur die skoolouers verkies is. In Engeland het die "Managers" of stigters van skole die aanstellingsmag gehad en kon dit slegs deur die LEAs geveto word. Ontslag van onderwysers het ewe so in die hande van die skoolbestuurders berus maar ook hier het die LEAs vetoreg gehad. By die skole wat na 1912 gestig is, t.w. die "Dag Junior Tegniese" skole het die beheerkomitee slegs adviserende mag gehad en is aangestel deur die LEAs net soos die Adviesrade van die Tegniese en Beroepskole onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Nes in Engeland kan die leerlinge vanweë die gekompliseerde beheerstelsel nie maklik van die een soort skool na die ander beweeg nie.

In Engeland het die stelsel van nasionale beheer van alle onderwys na 1918[1] geleidelik toegeneem.

> "The period between the two wars was in a sense a period of preparation for consolidating the variegated patchwork of educational facilities into a unified national scheme. The outbreak of the war hastened the movement for reconstruction."[2]


In Suid-Afrika is daar geen konstitusionele obstruksies om 'n nasionale onderwysstelsel in die lewe te roep nie want die Zuid-Afrika-wet en ook die Republikeinse grondwet bepaal nog steeds dat die Provinsiale Rade onderwys mag beheer totdat die "Parlement anders besluit".[3]

---

1. Die Fisher-wet van 1918 het 'n nasionale inslag aan die onderwys gegee.
2. Kandel: The New Era in Education. A comparative Study, 134.
3. Republikeinse Grondwet van 1961.

(c) Suid-Afrika met Duitsland en die V.S.A. vergelyk

In Duitsland en die V.S.A. kan leerlinge baie maklik van skool tot skool oorgaan omdat die beheer feitlik in die hande van een beheerliggaam geleë is. Waar die Kongres in die V.S.A. gelde vir die tegniese en beroepsonderwys aan die verskillende state beskikbaar stel, word die uitgawes behoorlik deur die Beplanningskomitee, wat planne nagaan en goedkeur, gekontroleer. Die V.S.A. het uit sy eie geskiedenis die les geleer dat diegene wat die belastings insamel, ook seggenskap oor die aanwending daarvan moet hê en hom ook daarvoor by die volk moet verantwoord. In Duitsland is die volk na die Eerste Wêreldoorlog neergeslaan en moes daar deur 'n vloeibare onderwysstelsel aan elkeen ooreenkomstig sy aanleg geleenthede gebied word.




Kaart om die skoolstelsels in die V.S.A. en Duitsland aan te toon. Voorberei deur die Vereniging van ingenieurs in Berlyn, Duitsland.

